Sanlam Foundation | Stellenbosch University Iyunivesithi Universiteit | WOW Words Open Worlds Amagama aVula iHlabathi Woorde Open Wêrelde

# SANLAM WOW SPELFEES

## SATERDAG 3 OKTOBER 2026

## WAT U MOET WEET...

### PROGRAM-OORSIG

| Tyd | Aktiwiteit |
|---|---|
| **09:15** | Deelnemers beweeg na die onderskeie lokale. |
| **09:30** | Verwelkoming – deelnemers moet asseblief teen 09:30 sit. |
| **10:15** | Amptelike begintyd van die Sanlam WOW Spelfees. |
| **15:00** | Prysuitdeling. |

**➔ Sien asseblief die volledige program wat ook aan u gestuur is.**

1. **Ter voorbereiding**: **Onbekende woorde, wat nie op leerders se spellyste verskyn nie, mag ook op hierdie vlak van deelname gevra word.** Sien asseblief die volledige Sanlam **WOW Spelfees Formaat en Reëls** wat ook as 'n PDF-dokument aan u gestuur is.
2. Leerders neem in hulle skooldrag (skooluniform) deel.
3. **Aankoms en registrasie** vind plaas van 08:00 tot 09:15 voor die Universiteit Stellenbosch se Konservatorium in Victoriastraat, Stellenbosch.
4. Die **bywoningsregister** van deelnemers word elektronies via 'n QR-kode gedoen. Die QR-kodes sal op die gedrukte programme verskyn en ook by strategiese punte opgeplak wees.
5. Daar sal tafels vir al drie tale wees. Hou die aanwysings dop om te sien waar u moet aanmeld. **Afrikaans: Groen ballonne. Engels: Maroen ballonne. IsiXhosa: Goue ballonne.**

6. Nadat die leerders hulle elektroniese registrasie via die QR-kodes voltooi het, sal hulle 'n ligte ontbytpakkie ontvang. Die ontbytpakkies sal slegs aan leerders gegee word wanneer hulle name op die punteblaaie bevestig is.
7. Beamptes ontvang hulle ontbytpakkies in die verskillende lokale.
8. Deelnemers moet vanaf 09:15 beweeg na die verskillende lokale vir die verwelkoming soos dit op die program aangedui word. Die verwelkoming begin stiptelik om 09:30 in die onderskeie lokale – almal moet asseblief teen dan reeds hulle sitplekke ingeneem het.
9. Ná die verwelkoming sal die onderskeie grade-groepe na die aangewese lokale beweeg onder leiding van 'n WOW-beampte.
10. By die lokale word sitplekke aan leerders toegewys volgens die nommers wat op die telkaart aangedui is.
11. Die bestuurder van die Spelfees sal almal kortliks verwelkom, en ook die basiese reëls deurgee.
12. Die Sanlam WOW Spelfees sal daarna begin. Alle bewegings in en uit die venues sal streng beheer word.
13. In elke lokaal is 'n bekwame paneel wat die proses bestuur.
14. Beoordelaars se beslissing is finaal.
15. Daar word aanbeveel dat leerders wat verkeerd spel en as gevolg daarvan nie verder kan deelneem nie, ná 'n sekere tyd toegelaat moet word om die lokaal te verlaat. Hierdie proses berus by die diskresie van die bestuurder van die Spelfees en moet met so min as moontlik steurnis gedoen word.
16. 'n Sertifikaat van deelname sal aan die deelnemers uitgedeel word.

17. 'n Ligte happie sal by die verskillende lokale beskikbaar wees en aan deelnemers uitgedeel word. Die assistent in elke lokaal is daarvoor verantwoordelik om die getal leerders en WOW-amptenare aan te dui en die verversings namens die groep te bestuur. Hierdie assistente vervul ook die rol van algemene hulp in die lokaal en bied bystand waar nodig.
18. Etes, verversings en drinkgoed is in die Neelsie-studentesentum op die kampus te koop.
19. Alle deelnemers, opvoeders en ouers word genooi en aangemoedig om die prysuitdeling in die Endler-saal in die US Konservatorium in Victoriastraat by te woon. Die geleentheid begin stiptelik om 15:00.
20. Pryswenners sal op aangewese plekke in die Endler-saal sit sodat die proses glad kan verloop.
21. Elke pryswenner ontvang m kontantprys. **Om hierdie prys op te eis, word die ID en selfoonnommer van 'n volwasse persoon, wat die deelnemer vergesel, benodig.** U is ook daarvoor verantwoordelik om 'n dokument vir hierdie proses te voltooi. U sal die dokument tydens die prysuitdeling ontvang.
22. Die belangrikste is dat almal die Sanlam WOW Spelfees sal geniet en spel-spel speel en sommer speel-speel spel.

**Baie dankie vir u deelname en ondersteuning.**